

**Woensdag 18 Maart**

**Skrifgedeelte: Matteus 2:1-15**

**Fokusgedeelte: Matteus 2:13-15**

**Die langverwagte Koning het gekom ... soos voorspel is!**

**D**ie Koning van alle konings word gebore in 'n wêreld waar sý koningskap nie geduld word nie. Herodes wil koning wees. Die Koning in die Betlehemstal gebore moet dood. Uit die pad met Hom ...

Maar die Here sorg en laat sy werk nie deur aardse konings keer nie. Sy plan gaan deur. Psalm 33 bewoord dit so:

*“Nasies en tiranne smee verniet hul planne  
in die vlam van haat. Hy wat groot van mag is,  
weet wat daar bedag is en verbreek hul raad.”*

Die raadsplan van die lewende Here loop (nooit) skeef nie. Die planne van tiranne wel. Die Kind van Betlehem sal nie as baba sterf nie, maar wel in die fleur van sy lewe ... soos deur die Vader beplan!

En die Here verskyn in 'n droom aan Josef. Almagtig en alwetend. Hy kan inkyk in die hart en verstand van Herodes. 'n Vlugplan is deel van die Here se raadsplan. Egipte toe met die Jesuskind totdat die Here sê om terug te kom. Geeneen op aarde sal keer dat die langverwagte Koning vir ewig sal regeer nie ... Die woorde in Hosea 11:1 word waar. Egipte, eens land van slawerny vir die Godsvolk. Eens daaruit bevry om Kanaän te kon betree. Uiteindelik sal die Messias uit Egipte teruggeroep word om die ewige Kanaän vir God se kinders te bewerk.

Die langverwagte Koning het gekom. En Hy beleef die deurmekaar en stukkend van die lewe. Te midde van die dring en dryf van die wilde heidendom, die geraas van volke in opgewondenheid, gedugte konings wat gereed staan om God almagtig na die kroon te steek en saam teen sy Gesalfde op te staan, word die Jesuskind in Egipte weggesteek. Want teen sy besluit is geen verweer nie; bestendig duur dit vir altyd.

Die langverwagte Koning en die lewe van elke dag. Onvoorspelbaar. Onseker. Maar wat 'n onbeskryflike genade om kinderlik-afhanklik, gedagtig aan Matteus 2:13-15 te kan sê:

*“Salig wie tevore deur Hom is verkore  
as sy erf en lot; wie so hoog geëer is,  
dat die Heer my Heer is en die God my God ... ” (Ps. 33-1:6)*

*Sing: Psalm 33-1:2*

*Dr. PH Heystek (Pieter) (Pretoria-Montanapoort)*